

2
Oktober

NG Gemeente
Kogelberg

2026

Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



SONDAG 4 OKTOBER 2026 SE EREDIENSTE:



Jannie Hougaard

09:00

Hangklipkerk

Stephan Naudé

Matteus 21:33-46

09:00

Kleinmondkerk

Heinrich Carstens

Matteus 21:33-46



LIG | DEERNIS | HOOP



God besit ons

Matteus 21:33-46

Ds Stephan Naude

09:00 @ Hangklipkerk

Floreer in God se wêreld...

en gee rekenskap van die oes!



Matteus 21:33-46



4 Oktober 2026



09:00



Kleinmondkerk



Heinrich Carstens



Kleinmondkerk se erediens
word op ons YouTube-kanaal
uitgesaai.

YouTube



<https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond>

Deuroffers

Vandag se deuroffers
gaan vir ons gemeente se

Vrouebediening



Sondag 11 Oktober se
deuroffers gaan na

Zimbabwe/Malawi/Mosambiek

*Innige simpatie en meegevoel aan
Elta Geldenhuys en familie met die
afsterwe van Louis (Sb1).*

Permanente aanstellings



Elsabé Oosthuizen

Administratiewe Assistent



Gerda Willers

Koster Kleinmond

Dis met groot vreugde deel ons dat ons hierdie week beide Elsabé en Gerda aangestel het as permanente lede van ons span!

Hulle passie, toewyding en liefde vir die bediening is reeds 'n seën vir ons. Beide is 'n wonderlike aanwins vir ons gemeente. Dankie vir julle diens in God se Koninkryk!

DIE VOLGENDE LIDMATE IS VERKIES TOT WYKSOUERLINGE VAN DIE GEMEENTE

Ons maak graag hulle verkiesing as wyksouderlinge aan die gemeente bekend.

Kleinmondstreek

Jannie Hougaard (Sa3)

Ninnie du Toit (Sb2)

Deon Louw (Sc4)

Nols Burger (Sc-blok)

Johan Kruger (Bb4)

Attie van Wijk (KP1)

Danie de Vaal (KB3)

Annetjie Strever (KB6)

Hangklipstreek

Dirk Reitzema (BB3)

Isak Ludick (BB6)

Volgens die Kerkorde (reglement 6) word die naam van die lidmaat twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie bekendgemaak. Indien enige lidmaat beswaar wil maak teen die verkose kerkraadslid, kan die beswaar skriftelik by die kerkkantoor voor Woensdag 14 Oktober 2026 ingedien word.

As daar geen beswaar teen hulle leer of lewe ingebring word nie, sal hulle DV op Sondag 18 Oktober 2026 (tydens die gesamentlike Verjaardagfeesdiens) bevestig word in hulle amp.

Gebed met die oog op die verkiesing

Dit is die tweede week dat ons moet saam bid vir die komende verkiesing van die 4e November.

Ek wil graag 'n aanhaling oor gebed met julle deel

“In prayer it is better to have a heart without words than words without a heart.

You can do more than pray after you have prayed, but you cannot do more than pray until you have prayed. Pray often, for prayer is a shield to the soul, a sacrifice to God, and a scourge to Satan. Prayer will make a man cease from sin, or sin will entice a man to cease from prayer.

The spirit of prayer is more precious than treasures of gold and silver.”

John Bunyan

Dit is belangrik dat ons sal besef dat hierdie gebedsaksie uiters belangrik is vir die uitkoms van die verkiesing. Die positiewe ding is dat ons nie alleen bid nie, maar dat daar duisende ander Suid Afrikaners is wat saamstaan in gebed.

Kom ons fokus die week op:

Jeremia 29:7 “Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.”

En 1 Timoteus 2:1-2 “ Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebed moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.”

Bid vir leiers wat met integriteit sal lei, diensbaar sal wees en tot voordeel van elke inwoner van hulle kiesafdeling sal optree.

NS Ek wil 'n uitnodiging rig aan die van julle wat vir die volgende 4 Sondag saam wil bid om Sondagaand van 17:00 – 18:00 by ons huis in Kusweg 40 bymekaar te kom. Ons sal fokus op lofprysing en gebed.

Groete

Hendrik Saayman

Hangklip Fondsevergadering

Maandag 5 Oktober
om 15:00



Ons Gebedsgroep

doen elke Dinsdag voorbidding vir die gemeente en gemeenskap



Hangklip om 09:00
Gerimed om 11:00
Kleinmond om 16:30

A photograph of a desk setup. On the left is a silver laptop. Next to it is a small potted plant with green leaves. In front of the plant is a white cup of coffee with a latte art design. A yellow pen lies on the desk. In the bottom left corner, there are some orange folders or papers.

Kommissie vir Kantoor sake & Kommunikasie

vergader Dinsdagmiddag om 14:00



2027-Kalender

Koördineringsvergadering
Woensdag 7 Oktober
om 09:00 in TYD-kuier ruimte

Normaalklas vir Vrouebybelstudie

Woensdag 7 Oktober om 09:00 in die Kapel



Dagbestuur



Woensdag 7 Oktober
om 11:00 in die Kapel



Rusplek

Woensdag 7 Oktober

18:00



Dissipelskap Reisgenote

Woensdae

17:00@ Hangklipkerk

18:30 @ Kleinmondkerk



Mannebediening

06:00 @ Hangklipkerk

06:30 @ Kleinmondkerk

"So bid ouers vir hulle kinders"

Vader, ek dank U vandag vir my kinders.

Dankie dat U goed is en dat U goedertierenheid tot in ewigheid is. Here, wanneer my kinders deur moeilike tye gaan, wanneer hulle onseker is of nie weet watter pad om te kies nie, wees U hulle Leidsman. Lei hulle op die regte pad en bring hulle by die plek waar U vir hulle wil hê om te wees.

Wanneer hulle bang is, wees U hulle beskerming. Wanneer hulle hartseer is, wees U hulle troos. Wanneer hulle swak voel, wees U hulle krag. Wanneer hulle verkeerde keuses gemaak het, trek hulle terug na U toe en wys hulle die pad van herstel.

Here, soos Psalm 107 sê, het hulle tot U geroep in hulle benoudheid, en U het hulle uit hulle angste uitgelei. Ek bid dat my kinders altyd sal leer om eerste na U toe te hardloop.

Bewaar hulle teen verkeerde vriende, verkeerde invloede en alles wat hulle van U af kan wegtrek. Gee hulle wysheid om tussen reg en verkeerd te onderskei. Gee hulle 'n hart wat U liefhet en 'n begeerte om U Woord te ken.

Here, stuur U Woord om hulle te genees en hulle uit hulle kuile te red. Bewaar hulle liggaam, verstand, hart en toekoms. Ek vertrou my kinders aan U toe, Here. Ek kan hulle nie elke oomblik beskerm nie, maar U kan. U sien hulle wanneer ek hulle nie kan sien nie. U ken hulle harte, hulle vrese, hulle drome en hulle toekoms.

Dankie dat U 'n God is wat hoor wanneer ons roep. Dankie dat U hulle nooit verlaat nie.

“Laat hulle die HERE loof om sy goedertierenheid en sy wonderwerke aan die mensekinders.” – Psalm 107:8

Ek verklaar vandag dat my kinders aan U behoort. Lei hulle, beskerm hulle, vorm hulle en bring hulle nader aan U.

In Jesus se Naam.

Amen.

Tegnologie-Sondag by Hangklip



Het jy hulp nodig met SnapScan of WhatsApp of enige ander toepassings op jou foon?



Hou die Eerste Gelui dop vir die volgende datum en meer inligting!



Ons Gemeente se **Verjaarsdag**

HELP BAK SAAM MET ONS!

Ons het jou hulp nodig om

kolwyntjies
te bak!



Wat?

Kolwyntjies
vir ons Gemeente
se Verjaarsdag.



**Wanneer
moet dit
reg wees?**

**Saterdag
17 Oktober 2026**



**Waar word
dit afgelewer?**

By Kleinmondkerk
tussen

14:00 en 15:00



Bevestig asseblief by

Sandra Taljaard

083 308 6170

**Baie dankie
vir jou hulp!**

Ete vir nuwe intrekkers

Het jy onlangs nuut ingeskakel
by NG Kerk Kogelberg? Kom kuier saam!



Sondag, 1 November 2026



12:00



Tyd-ruimte, Kleinmondkerk, 4de Laan



Bring asb jou eie borde, eetgerei en
drinkgoed



RSVP voor of op 26 Oktober 2026
by die Kerkkantoor

028 271 3470 of 076 134 7147



Ons sien uit om jou daar te sien!



Saterdag 3 Oktober

Leon Labuschagne 082 769 4961 (KB4) Etienne de Villiers 079 499 6614 (PB1)

Bernie Deacon 084 517 9656 (KB5)

Sondag 4 Oktober

Essie Groenewald 082 379 4713 (KP1)

Sarie van Rooyen 083 507 9234 (Bb4)

Rentia Williamson 083 655 8251 (BB3)

Gideon Hugo (Ba2)

Koos Uys 083 297 7056 (KB5)

MC Venter 084 395 4915 (HK3)

Maandag 5 Oktober

Coenraad Smit 083 298 1398 (Sb2)

André Theron 076 903 8271 (KB5)

Cecilia Vermeulen 082 679 5990 (BB1a)

Merien Ackerman 084 549 3532 (Sb4)

Gerhard Booysen 083 609 8776 (Sa4)

Gerhard Booysen 082 303 6172 (Ba2)

Jana Colyn (Sc1)

Mavis du Plessis 082 934 0750 (PB2b)

Janwick Hattingh 025 319 7537 (BB5)

Annamarie Nel 072 304 6069 (KB6)

Chrissie Zwiegelaar 072 572 5595 (Sb4)

Dinsdag 6 Oktober

Piet Crous 082 578 9859 (BB5)

Chrisjan Cruywagen 082 870 5314 (Sb3)

Alet Mostert 083 708 5070 (Ba2)

Anna van Heerden 082 558 7683 (KB5)

Vrydag 9 Oktober

Leatitia Bock 082 739 0110 (KB1)

Alexander Carstens (Sb4)

Abrie Conradie 084 508 2025 (PM3)

Alida Cruywagen 082 357 1883 (KB1)

Annie Fourie 084 800 4001 (BB2)

Peter Müller (Sa3)

Bibi Schmidt (Sc4)

Joanie Visser 073 339 7445 (KB3)



Veels geluk...



Floreer in God se wêreld...

en gee rekenskap van die oes!



1. Gesels bietjie saam...

- As jy 'n wingerd of tuin gehad het, wat sou jy graag daarin wou sien groei?
- Wat is iets wat aan jou toevertrou is waarvoor jy verantwoordelik moet sorg?
- Wanneer voel jy dat iets regtig “myne” is? En hoe verander jou houding wanneer jy besef dit is eintlik aan jou toevertrou?
- Is daar 'n verskil tussen om iets te besit en om 'n rentmeester daarvan te wees?

2. Ons storie nou...

- Waar leef ek asof ek die eienaar is?
- Sondag is ons daaraan herinner dat alles - ook ek en jy - aan God behoort aan God.
- Maar soms leef ons asof ons self die eienaar is. Dink aan hierdie vyf areas:
 - 🕒 My tyd - Waarvoor gebruik ek die tyd wat God vir my gee?
 - 📁 My gawes - Gebruik ek my vermoëns hoofsaaklik vir myself, of tot diens van ander?
 - 🏠 My besittings - Hoe beïnvloed my besittings en geld die manier waarop ek leef?
 - 🌍 God se skepping - Hoe gaan ek om met die wêreld wat God aan ons toevertrou het?
 - ❤️ Die evangelie - Is my geloof iets wat net vir myself bedoel is, of dra dit vrug wat ander mense raak?
- Watter een van hierdie vyf areas daag jou die meeste uit – en waarom?

3. God se storie...

Lees Matteus 21:33-46 (die gelykenis van die wingerd) weer saam. Let op die volgende:

- Die eienaar plant die wingerd.
- Hy bou en beskerm dit.
- Hy voorsien alles wat nodig is.
- Hy stuur sy diensknegte om die vrug te ontvang.
- Uiteindelik stuur hy sy seun.
- Die huurders wil die oes vir hulleself hê.

Gesels saam oor die teks:

- Waarom dink julle vertel Jesus hierdie gelykenis?
- Wat sê die gelykenis vir ons oor God se karakter?
- Wat die huurders se grootste probleem?
- Wat beteken dit dat God vrug verwag?
- Hoe verstaan ons die verband tussen die seun in die gelykenis en Jesus?
- Wat beteken die woorde: “Die klip wat verwerp is, word die hoeksteen”?

4. Hoe die Bybel ons storie verander...

- Die Woord wil ons help om te beweeg van 'n ingesteldheid van eienaarskap van alles wat ek besit na rentmeesterskap oor dit wat God aan my toevertrou het.
- Ons hoop lê dus nie daarin dat ons goeie huurders is nie. Ons hoop lê in die Seun.
- Ons leef daarom nie om vir God te bewys dat ons goed genoeg is nie. Ons leef vanuit die genade wat God reeds gee – en daarom begin ons lewe **vrug dra**.

Gesels oor die volgende as groep saam:

- Wat het God alles aan jou toevertrou?
- Deel met mekaar hoe jy hierdie week kan vrug dra as rentmeester met...
 - jou tyd
 - jou gawes
 - jou besittings
 - God se skepping
 - die evangelie



Kies een konkrete oesdaad vir hierdie week as deel van ons FLOREER uitdaging:

- ☐ Besoek iemand wat alleen is
- ☐ Gee iets weg vir iemand wat dit nodig het
- ☐ Plant 'n inheemse plant in jou tuin of in die omgewing
- ☐ Bel iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan
- ☐ Bid saam met iemand wat sukkel om God se teenwoordigheid te beleef

Verbind julle as groep ook aan hierdie oesdaad van die week:

- Vir wie gaan julle iets doen?
- Wanneer en hoe gaan julle dit doen?

5. Sluit af met geleentheid vir gebed...

Doen 'n ketting gebed waar elke persoon in die groep net een ding noem waarvoor hulle God wil dankie sê omdat Hy dit aan hulle toevertrou het.

Bid daarna saam vir:

- 🍇 'n Gemeente wat geestelike vrug dra
- 🏠 Die gemeenskappe van Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai en Rooiels
- 🌿 Die skepping en die Kogelberg
- 🙌 Wysheid om goeie rentmeesters te wees
- ❤️ Mense wat God se geduld en tweede kanse nodig het
- ✝️ 'n Lewe wat op Christus, die Hoeksteen, gebou is



SLOTGEDAGTE

Onthou: “Ons is nie die eienaars van die wingerd nie. Ons is geliefde rentmeesters.”

Daarom vra ons nie: “Wat het ek ontvang?”

Maar: “Watter vrug groei daar omdat God my iets toevertrou het?”

6. Lees verder saam die week...

- Maandag - Matteus 21:33-46
- Dinsdag - Psalm 106:1-23
- Woensdag - Eksodus 32:1-14
- Donderdag - Filippense 4:1-9
- Vrydag - Matteus 22:1-14